
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

PROFESIEE AANGAANDE DIE EINDTYD

Die Bybel voorspel baie spesifieke tekens wat in die laaste dae sal plaasvind. Hierdie profesieë is spesifiek, nie vaag nie – en laat ons in ag neem dat Jesus gesê het dat hierdie tekens sal plaasvind terwyl Hy nog op die Aarde was. Hy het ook gesê dat hulle in momentum sal toeneem soos geboortepyne – soos Sy wederkoms nader kom (Matt.24:33-34; Matt.24:8). Alhoewel die vervulling van baie van hierdie profesieë nie sal plaasvind tot die verdrukkingstydperk nie, is daar so baie van hulle wat in vervulling is op hierdie tyd in ons generasie.

*Baie oorloë sal uitbreek (Mark.13: 7-8). Daar is so baie oorloë wat vandag in die wêreld aan die gang is.

*Die aarde sal met geweld gevul wees (Luk.17:26; Gen.6:11-13).

*Kennis sal toeneem (Daniël 12:4; Jes.11:9). Dink aan die tegnologie wat vandag bestaan, en daagliks vorder en vooruitgaan.

*Ten spyte van die toename in wetenskaplike kennis, sal dodelike siektes (wat die Bybel "pessiektes" noem) algemeen wees (Matt. 24:7). Siektes wat te voorskyn kom soos VIGS, Ebola, Hanta virus, SARS ens. bewys die feit.

*Daar sal tegnologie wees wat die wêreldbevolking en handel sal kan opspoor (Openb. 13:16-17).

*Hongersnood sal algemeen wees (Luk. 21:11; Openb.6:5-8).

*Daar sal 'n globale uitroep vir vrede wees (1 Thess. 5 vers 3).

*Die Antichris sal (valse) vrede gebruik om baie te vernietig (Dan. 8:23-25). Met al die probleme wat die mensdom in die gesig staar, soek menigtes na 'n "verlosser" om vrede en voorspoed te bring sonder morele verantwoordelikheid. Die Antichris sal aan die wêreld so 'n vrede belowe as hulle hom sal volg – maar sy bedoelings sal boos wees.

*Chaotiese weerpatrone sal algemeen wees (Luk. 21:25-26). Jesus het vooruit " die seë en die branders wat raas" in die laaste dae gesien. Ons het 'n hele aantal Tsunamies gesien. Thailand en Japan.

*Vals Bybelse predikers sal die Evangelie vir finansiële wins gebruik. Hulle sal vleiende sprekers wees, met baie volgelinge en die Christen geloof beklad (2 Pet. 2: 1-3).

*Die mensdom sal in staat wees om alle lewe te vernietig (Matt.24:21-22). Vandag, met kern, biologiese en chemiese wapens is dit moontlik om alle vlees op planeet aarde uit te wis.

*Die gebruik van kernwapens verwag (Sag. 14:12). Die neutron bom smelt(los op) sy slagoffer – net soos Sagaria 2500jaar gelede voorspel het.

*Die Christen evangelie sal as 'n waarskuwing aan alle nasies verkondig word (Matt.24:14; Mark.13:10). Vandag, met al die moderne tegnologie en satelliet TV, selfone ens. is dit beslis moontlik. Dit is aangeteken dat gedeeltes of die hele Bybel vertaal is in meer as 2 300 tale en dialekte wat meer as 90% van die wêreld se bevolking insluit.

*Daar sal beweeg word na 'n globale regering (Dan.2:40-44; Openb.13:7-8).

*Groot tekens uit die hemel word voorspel (Luk. 21:11). Beide natuurlike en bonatuurlike verskynsels op die aarde en in die lug neem blykbaar toe.

*Die nasies sal bot (Luk.21:29-33). In die Skrif word die boom dikwels figuurlik gebruik van 'n nasie (Esg. 31:3-6; Dan. 4:20-22). Gedurende die afgelope eeu het ons die einde van die koloniale era gesien en die vinnige groei in die aantal nuut gevormde onafhanklike nasies.

*Aardbewings wat plaasvind op verskillende plekke voorspel (Matt.24:7).

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Profesiee aangaande...)

*Die jeug wat toenemend rebels raak (2 Tim. 3:2-3; Mark. 13:12).

*Jesus het gesê dat Christene om Sy naam ontwil gehaat sou word (Luk.21:17; Openb.6:9-11; 20:4). Die verbanning van die Bybel, gebed in skole, die Tien Gebooie, weerspieël hierdie neiging. Dink ook daaraan dat berig word dat meer Christene in die laaste eeu gemartel is as in enige ander tydperk in die geskiedenis.

*Mense sal al meer materialisties raak en liefhebbers van plesier (2 Tim.3:1-5).

*Homoseksualiteit sal aan die einde van die tyd vertoon word (Luk. 17:28-30; Gen.19). Trots Gay parades vertoon die gruwel en huwelike van dieselfde geslag is gewettig in 14 lande.

*Ten spyte van toename in rykdom, sal die verskil tussen die rykes en armes aanhou om toe te neem (Openb. 6:6). In die Skrif beteken olie en wyn dikwels luuksheid, oorvloed (Spr. 21:17; Joel 2:24; Openb.18:13). Daarom dui die profesie aan dat die rykes sal aanhou om te floreer terwyl die armes beswaarlik brood sal kan bekostig.

*Meeste van die in die kerk sal in die laaste dae louwarm, ryk en selfvoldaan wees (Openb.3:14-16) En omdat die ongeregtigheid vermeerder sal die liefde van baie verkoel (Matt. 24:12). Dit is berig dat 'n hoë persentasie van die wat verklaar dat hulle "Christene" is ontken dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is. Baie ontken selfs dat Jesus God is.

*Daar sal beweeg word na 'n een wêreld godsdiens (Openb. 13:8, 12; Openb. 17).

*Towery – verwysend na heksery, towerkuns of okkultiese praktyke wat gebruik word om te betower en te mislei – word ook verwag in die laaste dae (Openb. 9:21; 18:23; Jes.47:9-15; Miga 5:10-15).

*'n Globale wapenwedloop sal plaasvind (Joel 3:9-14). Nog nooit in die geskiedenis het so baie nasies wapenrusting opgeberg nie.

*Finansiële stelsels sal staat maak op nommers en nie kontant nie (Openb. 13:17-18).

*Omgewings verwoesting van die planeet voorspel (Openb.11:18). Ons geslag het meer gedoen om die omgewing te vernietig as enige van die vorige geslagte.

*'n Globale ekonomiese stelsel sal bestaan (Openb.13:17; 18: 3, 11, 19, 23). Vandag word daar op elke vlak van regering probeer om die wêreld te verenig. Om die wêreld finansieel te verbind is noodsaaklik vir hul doelwit.

*Daar sal "tekens in die son" wees (Luk.21:25). Dit kan verwys na die toename in sonvlekke en sonvlamme.

*Baie sal hulself die Christus noem (Matt.24:5). Vandag noem baie binne die "New Age" Beweging, Oosterse godsdienste en die kultusse hulself "die Christus ".

*Na die Wegraping (gedurende die Verdrukking), sal ontelbare menigtes uit elke nasie wakker skrik en na die ware Jesus van die Bybel draai en gered word (Openb. 7:9-17). Hierby dui die Bybel aan dat na 'n tydperk van kastyding (die Verdrukking) menigtes van Egipte tot Assirië (Irak en die omliggende lande) na die naam van die Here sal roep en gered sal word (Jes.19: 16-25). Vandag word die saad van die Evangelie in elke nasie versprei – insluitend die Midde Ooste!

*Die finale generasie sal oop wees om 'n merk op hul hand en hul voorhoof te ontvang (Openb. 13:16). Die identifikasie " chip" wat onder die vel ingeplant word, word op groot skaal in diere gebruik en dink aan hoe die opkomende generasie getatoeëer, gesteek en gemerk is.

*Sommige belyde Christene sal na misleidende geeste en leerstellings van demone luister (1Tim. 4:1). Hierdie generasie het die ontploffing van geestesverskynings en ander " hemelse besoekers" gesien, wat deur belyde Christene aanvaar word selfs al weerspreek hul leerstellings die Woord van God.

*Mense sal die suiwer leerstelling van die Woord van God verwerp en die leerstellings van mense volg wat hul eie luste bevredig (2 Tim. 4: 3-4; Hand. 20: 29-30). Jesus het ook voorspel dat daar baie geveinsdes binne-in die kerk sal wees (Matt. 24: 48-51; Matt. 7: 22-23).

*Baie sal die Tien Gebooie los as 'n morele kode: laster, egbreek pleeg, ongehoorsaam aan ouers, steel, lieg, begeer ens. (Matt. 24:12; Openb.9:21).

*Afgodery sal toeneem (Openb. 9:20; Jes.2:8, 18 -20; Miga 5: 10-15; Sag. 13:1-2). 'n Afgod is enigiets wat kompeteer met die aandag wat net ons Skepper toekom. Standbeelde, afbeeldings, ikone, gelukbringers, vals gode, engele, geestesverskynsels, asook geld, stand, plesier, 'n persoon, besittings en enige geskape ding kan alles afgode word (Rom. 1: 18-25).

*Laster sal algemeen raak (2 Tim. 3:2; Openb. 16: 9, 11, 21). Dink net hoe dikwels mense hul Skepper se naam gebruik (goeie God of Jesus Christus) as 'n vloekwoord. Vyftig jaar gelede het Hollywood selde God se naam ydellik gebruik. Vandag sluit omtrent elke film laster in.

*Seksuele sedeloosheid sal aan die orde van die dag wees (Judas 18; Openb. 9:21). Hou in gedagte dat Jesus gesê het dat wie ook al met wellus na iemand kyk reeds in sy hart egbreuk gepleeg het (Matt. 5:28). Daarom stel God Internet pornografie, wellustige films, TV vertonings en tydskrifte gelyk aan ontug.

*Mans sal hul gewetes verhard sodat hulle met hul sonde kan aanhou (Tim.4:2). Die gewete is waar God reg en verkeerd openbaar. Engels is gewete conscience: "Con" beteken met en "science" beteken kennis. Ons sondig dus "met

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Profesiee aangaande…..)
kennis" wanneer ons God se morele wet ignoreer en ons eie gewete onteer.

*Alle ware volgelinge van Christus sal skielik verdwyn – sal weggeraap (opgeraap) word deur God na die hemel (1 Thess. 4:15-17; 1 Kor. 15:51-52). 'n Vals verduideliking sal die niksvermoedende massas mislei (2 Thess. 2:9 -12). Vandag bied baie geesverskynings, engele, kultusse en New Agers 'n nagemaakte verduideliking vir die gebeurtenis wat spoedig gaan plaasvind.

Die Wegraping van die Kerk van die Here Jesus Christus sluit die Eerste Opstanding in.

Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees(1 Thess. 4:16-17).

Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word (1 Kor. 15:51-53).

*Die Groot Verdrukking – 7 jaar tydperk.

En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word (Dan. 9:27).

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte (Matt. 24:6-8).

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn — moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees (Matt. 24:24-27).

*Die Oordeel van Christus.

Die gelowiges (die Bruid van Christus) wat met die wegraping na die Hemel opgeraap is, sal voor die Here verskyn om hul krone en belonings te ontvang. Vir hulle sondes is alreeds betaal deur die Bloed van Jesus Christus aan die kruis.

Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad (2 Kor. 5:10).

*Die Slag van Armageddon.

En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver (Openb. 14:20).

*Die Oordeel van die Nasies.

En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af (Matt.25:31-34). En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe (Matt. 25:46).

*Die Opstanding van die Heiliges wat gedurende die Groot Verdrukking gesterf het (Openb. 20).

En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik (Dan. 12:1-2).

*Die lot van die Valse bose drie- eenheid, Satan, die Antichris en die Valse profeet.

En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy

(Vervolg of Bl. 4)

dan 'n kort tydjie ontbind word (Openb. 20:1-3).

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand (Openb. 19:20).

*Die een duisend jaar Heerskappy van Vrede.

Lees Jesaja hoofstuk 11 en Openbaring hoofstuk 20.

*Die Finale Opstanding.

*Die Wit Troon Oordeel.

En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp (Openb. 20:11-15).

*Die Aarde deur Vuur vernietig.

Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense (2 Pet. 3:7).

Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand (2 Pet. 3:10).

IS THERE POWER IN THE BAPTISM IN THE HOLY SPIRIT?

Once you have become a child of God, you inherit many wonderful things which are rightfully yours, but which you through faith, must make your own.

One of these wonderful things is the special Gift of the BAPTISM IN THE HOLY SPIRIT. God promises it to you. And you have real need of it, because through it, not only does your relationship with God deepen, but you will receive power from on High to lead a victorious spiritual life and making it possible for you to become a LIVING WITNESS FOR JESUS. God's Power will be able to flow through you and signs and wonders will follow with the purpose of building up His Body here on Earth and to bring unbelievers to repentance. **And they went forth, and preached everywhere, the Lord working with *them,* and confirming the word with signs following. Amen. (Mar 16:20)**

The infilling of the Holy Spirit is a Spiritual experience that is an additional experience to your conversion. This experience is not a teaching that some churches have and others not, this experience is something that the Word of God grants to all of His children.

After Jesus had been crucified, buried and was raised from the dead, and before He ascended into Heaven to His Father, He told His disciples, that they were to go to Jerusalem and wait for His Father's promise to send the Holy Spirit, which He had previously told them about. We read this in **Acts 1, verses 2 to 5 :Until the day in which He was taken up, after that He through the Holy Ghost had given commandments unto the apostles whom He had chosen: To whom also He shewed Himself alive after His passion by many infallible proofs, being seen of them forty days, and speaking of the things pertaining to the kingdom of God: And, being assembled together with *them,* commanded them that they should not depart from Jerusalem, but wait for the promise of the Father, which, *saith He,* ye have heard of Me. For John truly baptized with water; but ye shall be baptized with the Holy Ghost not many days hence (Acts 1: 2-5).** The disciples were obedient to Jesus' instructions, and we read in Acts chapter 2, verses 1 to 4, the following: **And when the day of Pentecost was fully come, they were all with**

one accord in one place. And suddenly there came a sound from heaven as of a rushing mighty wind, and it filled all the house where they were sitting. And there appeared unto them cloven tongues like as of fire, and it sat upon each of them. And they were all filled with the Holy Ghost, and began to speak with other tongues, as the Spirit gave them utterance (Act 2:1-4).

Peter was one of the 120 men and women **(Acts 1: 15)** who were present in that upper room who received power from on High as the Holy Ghost came upon them according to Jesus' promise in **Luke 24:49: And, behold, I send the promise of My Father upon you: but tarry ye in the city of Jerusalem, until ye be endued with power from on high.**

So when Peter preached to the people in Acts chapter 2, he was filled with Holy Spirit power and boldness he had not previously had, and 3000 were saved. And we read in **Acts 2: 37-39**: **Now when they heard *this,* they were pricked in their heart, and said unto Peter and to the rest of the apostles, Men *and* brethren, what shall we do? Then Peter said unto them, Repent, and be baptized every one of you in the name of Jesus Christ for the remission of sins, and ye shall receive the gift of the Holy Ghost. For the promise is unto you, and to your children, and to all that are afar off, *even* as many as the Lord our God shall call.** Notice the following important facts in the above verses of Scripture. Firstly we need to repent of our sins in order to come to Jesus. Then we need to be baptised after we have believed, and thirdly we will receive the gift, the baptism of the Holy Spirit as promised. The promise, Peter said, is for you, your children, and to all whom the Lord our God shall call! That includes you and me! So, just as repentance of sin and salvation is still for today, so is the believer's baptism in water and the baptism in the Holy Spirit.

The Prophet Joel first made this promise of God known to man, and we read this in **Joel 2: 23-32**, and then Jesus confirmed it in **John 14: 16 -18** when He promised His disciples **"another comforter"** when He went away to His Father.

This promise became a glorious reality on the day of Pentecost in the upper room when 120 of Jesus' disciples were baptised with the Holy Spirit and began speaking in other tongues, as a sign of this baptism! Praise the Lord for that!

We read in **Acts 1:8-9: But ye shall receive <u>power</u>, after that the Holy Ghost is come upon you: and ye shall be witnesses unto Me both in Jerusalem, and in all Judaea, and in Samaria, and unto the uttermost part of the earth. And when He had spoken these things, while they beheld, Him out of their sight.** As I have already said, the purpose of this infilling of the Holy Spirit, is to equip the Child of God with power to do the same works as his Master, Jesus. **Verily, verily, I say unto you, He that believeth on Me, the works that I do shall he do also; and greater *works* than these shall he do; because I go unto My Father (John 14:12).**

Through this infilling, the believer also becomes a more efficient witness for Jesus. Just look at Peter's life as a practical example of the difference in his life before and after he was filled with the Holy Spirit. Really there was a huge difference in boldness and conviction!

This promise belongs to ALL OF GOD'S CHILDREN, regardless of age, race or denomination. We read the following scripture verses: **.**

Act 2:17-18: And it shall come to pass in the last days, saith God, I will pour out of My Spirit upon all flesh: and your sons and your daughters shall prophesy, and your young men shall see visions, and your old men shall dream dreams: And on My servants and on My handmaidens I will pour out in those days of My Spirit; and they shall prophesy.

Act 8:14-17: Now when the apostles which were at Jerusalem heard that Samaria had received the word of God, they sent unto them Peter and John: Who, when they

were come down, prayed for them, that they might receive the Holy Ghost: (For as yet he was fallen upon none of them: only they were baptized in the name of the Lord Jesus). Then laid they *their* hands on them, and they received the Holy Ghost.

We are familiar with the portion of scripture found in **Acts chapter 10**, where Peter is called by God to proclaim Jesus to Cornelius and his household, who were gentiles. As Peter was telling them the Good News, we read in **verses 44-47: While Peter yet spake these words, the Holy Ghost fell on all them which heard the word. And they of the circumcision which believed were astonished, as many as came with Peter, because that on the Gentiles also was poured out the gift of the Holy Ghost. For they heard them speak with tongues, and magnify God. Then answered Peter, Can any man forbid water, that these should not be baptized, which have received the Holy Ghost as well as we? (Act 10:44-47)**

The Apostle Paul also prayed for believers to receive the Holy Spirit. We see that in Ephesus, after he had confirmed their belief in Jesus, and that as believers they had been baptised in water, he then laid hands on them for the infilling of the Holy Spirit. **And it came to pass, that, while Apollos was at Corinth, Paul having passed through the upper coasts came to Ephesus: and finding certain disciples, He said unto them, Have ye received the Holy Ghost since ye believed? And they said unto him, We have not so much as heard whether there be any Holy Ghost. And he said unto them, Unto what then were ye baptized? And they said, Unto John's baptism. Then said Paul, John verily baptized with the baptism of repentance, saying unto the people, that they should believe on him which should come after him, that is, on Christ Jesus. When they heard *this,* they were baptized in the name of the Lord Jesus. And when Paul had laid *his* hands upon them, the Holy Ghost came on them; and they spake with tongues, and prophesied (Act 19:1-6).**

THE BAPTISM IN THE HOLY SPIRIT IS STILL AVAILABLE TO EVERY BELIEVER TODAY.

For the promise is unto you, and to your children, and to all that are afar off, *even* as many as the Lord our God shall call (Acts 2:39).

That is why it is very clear that it is also meant for YOU, and that your Heavenly Father desires to give it to you. **Luke 11: 13: If ye then, being evil, know how to give good gifts unto your children: how much more shall *your* heavenly Father give the Holy Spirit to them that ask Him?**

The infilling of the Holy Spirit is a gift – a present, so you do not have to spend hours on end begging God for it. A gift is something you simply receive with thanksgiving, and in this case, you just need to be thirsty enough to receive it! **John 7:37: In the last day, that great *day* of the feast, Jesus stood and cried, saying, If any man thirst, let him come unto Me, and drink, he that believeth on Me, as the scripture hath said, out of his belly shall flow rivers of living water (But this spake He of the Spirit, which they that believe on Him should receive: for the Holy Ghost was not yet *given;* because that Jesus was not yet glorified).**

Jesus spoke of the Holy Spirit to His disciples when He was preparing them for His crucifixion, burial, resurrection and ascension to the Father, and we read His words concerning the coming Comforter, (the Holy Spirit) in the Gospel of John. He encouraged them with these words:

And I will pray the Father, and He shall give you another Comforter, that He may abide with you for ever; *Even* the Spirit of truth; whom the world cannot receive, because it seeth Him not, neither knoweth Him: but ye know Him; for He dwelleth with you, and shall be in you (John 14:16-17). Jesus was saying to them, that the Holy Spirit would be sent by the Father to indwell the believer, after His departure to Heaven. Then He goes on to say that this Comforter will teach them and bring all things that Jesus had taught them, to their remembrance. He would lead

them and guide them into all truth and would glorify Jesus and the Father.

Howbeit when He, the Spirit of truth, is come, He will guide you into all truth: for He shall not speak of Himself; but whatsoever He shall hear, *that* shall He speak: and He will shew you things to come. He shall glorify Me: for He shall receive of Mine, and shall shew *it* unto you. All things that the Father hath are Mine: therefore said I, that He shall take of Mine, and shall shew *it* unto you (John 16:13-15).

But the Comforter, *which is* the Holy Ghost, whom the Father will send in My name, He shall teach you all things, and bring all things to your remembrance, whatsoever I have said unto you (John 14:26).

The Holy Spirit never brings glory to Himself, but always points us to the Father and to Jesus. He testifies of Jesus. **But when the Comforter is come, whom I will send unto you from the Father, *even* the Spirit of truth, which proceedeth from the Father, He shall testify of me (John 15:26).**

Then Jesus explains to them that it is better for their sakes that He is going to the Father, so that the Holy Spirit can be sent to them, because He will be with them and indwell them. He will give them the boldness and power to be witnesses for Jesus and to do the works that Jesus did. He would enable them to endure and persevere, because He would indwell them (**1John 4:4**). The Holy Spirit would equip them with supernatural spiritual gifts for the Body of Christ (the Church), according to **1 Corinthians 12.** That is why Jesus says in **John 16:7-8: Nevertheless I tell you the truth; It is expedient for you that I go away: for if I go not away, the Comforter will not come unto you; but if I depart, I will send Him unto you. And when He is come, He will reprove the world of sin, and of righteousness, and of judgment.**

(Get our book: "Is there Power in the Baptism in the Holy Spirit?")

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig (Ps.16:11).

Wanneer ons praktiese probleme in ons lewe ondervind, soos loodgieter- of motorprobleme, selfs gesondheidsprobleme, kontak ons die toepaslike deskundige om die probleme op te los. Jesus is die Voorsiener van lewe. Met ander woorde, alles wat in die sienlike en onsienlike staat bestaan is deur Hom geskape. Daar is niks buite Sy ampsgebied nie.

Hy is inderdaad die enigste Een wat wettiglik kan aanspraak maak om " die weg, die waarheid en die lewe" te wees! Dus, wanneer dit daarby kom van "hoe om in die hier en nou te lewe" en begrip te verkry ten opsigte van waar ons staan vanuit 'n ewigheids perspektief, is Hy die Een wat die sleutel het en die pad openbaar waarop ons moet wandel soos ons, ons lewens in Sy Hande toevertrou.

As Hy die Skepper van lewe is, is Hy ook die voortbringer van alle lewensgewende gawes, soos blydskap, vrede en liefde. Dus wanneer ons nader aan Hom kom en meer tyd in Sy teenwoordigheid deurbring, in Hom lewe, word hierdie geestelike skatte meer en meer teenwoordig in ons lewens.

Soos ons met Jesus wandel, vind 'n verstommende transformasie plaas. Hy word ons skat en ons baie groot beloning. Selfs dit word deur Hom gedoen tot Sy lof en eer!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Ons vertrou dat elkeen van julle 'n wonderlike tyd gehad het en uitgerus is om 2019 binne te gaan. 'n Nuwe jaar en kans vir 'n nuwe begin met vaste geloof en vertroue in Jesus Christus.

Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het (Gal.2:20).

Daar vind 'n transaksie plaas wanneer ons , ons lewens met Jesus verbind .. ons lewens vir Syne. Dit is nie ons lewens plus Syne nie. Dit is 'n volkome "dood aan die self" en hierdie proses sal aanhou vir solank ons asemhaal!

Kortstondige droefheid sal permanente blydskap word as ons alles wat ons het en alles wat ons vir Hom is aan Hom onderwerp.

Dan begin die wonderwerk. Soos 'n halmpie wat uit die geplante saad te voorskyn kom, begin ons op die mees bevrydende en opwindende reis met Jesus. Wie weet wat die knop sal produseer? Hy het 'n lewe van oorvloed voorberei vir elkeen van die wat gekies het om hul lewens aan die kruis neer te lê.

The equation is such: the more you give over and give in, the greater the blessing in Christ. This is not something we can reason or imagine from the outside, but as we jump in with both feet in faith, we will experience this amazing seemingly contradictory truth.

Dood aan die self bring ware lewe!!
Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red (Luk. 9:24).

Ons almal by die Stanger Christelike Sentrum wil julle bedank vir jul kosbare en onskatbare ondersteuning vir die Here se werk wat uitgaan deur ons land, kosbare siele red en siek liggame genees. Sonder jul gebede en liefdevolle getrouheid sou ons nie by magte wees om die verlorenes en behoeftiges te bereik nie. Ons weet dat die Here julle en jul geliefdes oorvloediglik sal seën, want julle harte en skatte is by Hom.

Wees verseker van ons dankbaarheid en gebede vir die jaar.

Baie liefde groete

Meg en die Gebedspan





We sent Pastor David Gumede into Mozambique with 100 Portugese Bibles to spread the Word to the lost and to pray with those in need. Many came to know their Heavenly Father and were Baptised, and we praise Our Heavenly Father for David's obedience and faithfulness. He is such a blessing as part of our ministry!!





'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.